higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

(9020012)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCS

VRAAG 1

1.1 Omskryf die volgende terme:

1.1.1 Gesondheid

1.1.2 Welstand

1.1.3 Gemeenskapsgesondheid

1.1.4 Gemeenskapswelstand

1.1.5 Seksueel oordraagbare infeksie

(5 × 2) (10)

1.2 Noem VIER algemene simptome van depressie. (4)

1.3 Noem en verduidelik die DRIE vlakke van voorkoming vir die beheer van nie-aansteeklike chroniese siekte. (3 × 2) (6)

1.4 Hoe affekteer gemeenskapsgesondheid en -welstand individuele gesondheid en welstand? (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings van openbaregesondheid-ingrypings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

geval-opsporing; sosiale bemarking; voorspraak; beleidsafdwinging; berading; verwysing

2.1.1 Om op 'n emosionele vlak bemoeienis te maak om selfsorg en hantering van probleme te verhoog

2.1.2 Om diegene met risikofaktore op te spoor en hulle met hulpbronne in verbinding te bring

2.1.3 Afdoende voldoening aan wette en regulasies

2.1.4 Om mense te help om verdere hulp te kry

2.1.5 Om namens iemand op te tree

(5 × 1) (5)

2.2 Dui aan of die volgende toestande AKUUT of CHRONIES is. Kies die antwoord en skryf slegs 'akuut' of 'chronies' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Influensa

2.2.2 Depressie

2.2.3 Hartaanval

2.2.4 Kanker

2.2.5 Hipertensie

(5 × 1) (5)

2.3 Wat is die algehele hoofdoel van openbare gesondheid? (2)

2.4 Wat is die verskil tussen *insidensie* en *heersend* (*'prevalent')?* (2 × 2) (4)

2.5 Verduidelik die oorsprong van die Millenniumontwikkelingsdoelwitte. (2 × 2) (4)

2.6 Noem die SES Millenniumontwikkelingsdoelwitte wat verband hou met gesondheid en welstand. (6)

2.7 Verduidelik hoe inligting ingesamel kan word om die gesondheidstatus van 'n gemeenskap te assesseer. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n tipe kanker uit KOLOM B wat pas by 'n moontlike waarskuwingsteken of vroeë simptoom KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Aanhoudende hoes of hees keel	A	longkanker
3.1.2	Verandering in grootte of kleur van moesies	B	kolonkanker
		C	laringeale kanker
3.1.3	Het dikwels geen simptome nie tot later stadiums	D	blaaskanker
3.1.4	Bloederige sputum	E	velkanker
3.1.5	Rektale bloeding	F	ovariële kanker

(5 × 1) (5)

3.2 Wat is kanker? (2)

3.3 Noem TWEE virusse wat kanker kan veroorsaak. (2)

3.4 Waarom word hipertensie 'n stille moordenaar genoem? (2)

3.5 Noem SES risikofaktore vir hipertensie. (6)

3.6 Wat behels die selfbestuur van diabetes? (3)

3.7 Trek en voltooi 'n tabel soos die een hier onder en toon die verskille tussen Diabetes Tipe 1 en Tipe 2.

KENMERK	TIPE 1	TIPE 2
Spoed van aankoms		
Ouderdom van aankoms		
Liggaamstipe/gewig		
Heersend ('Prevalent') (minder of meer algemeen)		
Insulientekort of -weerstand		

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Fisiese gesondheid sluit die goeie funksionering van die spysverteringstelsel in.

4.1.2 Oorerflikheid affekteer individue se gesondheid.

4.1.3 TB is 'n vektoroordraagbare infeksie.

4.1.4 Oorbevolking dra by tot die verspreiding van TB.

4.1.5 Behoorlike voeding kan help om TB te verhoed.

4.1.6 Sweet kan 'n simptoom van malaria wees.

4.1.7 DOTS is 'n sentrale strategie vir die beheer van vetsug.

4.1.8 Immuniteitsgebrek is 'n eksterne faktor wat gesondheid affekteer.

4.1.9 Oorvoeding en ondervoeding is albei vorms van wanvoeding.

4.1.10 Beide die fisiese en sielkundige omgewing kan gemeenskaps-gesondheid beïnvloed.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 Noem VIER risikofaktore vir die ontwikkeling van nie-aansteeklike chroniese siektes. (4)

4.3 Noem VYF komponente van welstand. (5)

4.4 Noem SES maniere om die verspreiding van aansteeklike siektes te verhoed. (6)

4.5 Verduidelik hoe geestesgesondheid en fisiese gesondheid met mekaar verband hou, deur 'n voorbeeld te gebruik. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE redes waarom dit belangrik is om te weet wat jou MIV-status is. (2)


5.2 Noem VIER tekens of simptome van TB. (4)

5.3 Noem VIER tekens of simptome van cholera. (4)

5.4 Hoe kan cholera verhoed word? (4)

5.5 Watter maatreëls kan getref word om malaria te voorkom? (4)

5.6 Teken die benoem 'n diagram van die ketting van infeksie, insluitend al SES dele van die ketting in die korrekte volgorde en gee EEN gemene voorbeelde vir elke deel, soos in die diagram hier onder aangedui word:



(6 × 2) (12)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou